

29 Januarie - BEHAAG

Skrifgedeelte: Genesis 5:1-24 (OAV)

Fokusgedeelte: Genesis 5:24

Watter getuienis sal daar eendag oor jou lewe wees? Daar is opvallende verskille in die detail van die beskrywing van Henog se lewe teenoor die res van die mense wat hier genoem word. Ons lees van almal dat hulle lank gelewe het, dat hulle seuns en dogters gehad het en dat hulle gesterf het.

Henog se lewe word egter anders beskryf. "En Henog het met God gewandel." Hy het in die innigste verhouding met God geleef en Hom in liefde gehoorsaam. Hy het sy eie belang en sy eie eer en sy eie wil prysgegee ter wille van God se eer en belang.

In die getuienis van die ander se lewens sien ons letterlik dat daar mense is wat leef en voortplant en sterf. Het hulle net dit gedoen? Nee, hulle het ontsettend baie gedoen in die ongeveer 900 jaar van hulle lewens. Hulle het waarskynlik elkeen 'n belangrike bydrae gelewer in die ontwikkeling en vooruitgang van die wêreld.

Henog het egter ook seuns en dogters verwek, hy het geleef, hy het ook gewerk en dinge gedoen, maar op 'n ander manier en met 'n ander gesindheid en motief. God was sy vreugde en die sin van sy lewe en die doel van sy lewe, en die dryfkrag agter sy lewe. In Hebreërs 11:5 word daar van Henog getuig: "Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God *behaag* het."

Hoe lyk ons lewens? Ons beklee belangrike poste, ons doen belangrike dinge, ons bou 'n nageslag, ons maak geld, ons het ideale en programme. Wat sal die getuienis wees wat God aan die einde van die dae oor ons lewens sal skryf? Sal daar geskryf word dat ons geleef het en voortgeplant het en toe gesterf het? Of sal daar oor jou lewe geskryf staan dat jy met God gewandel het? Dat jy God *behaag* het?

Sing: Psalm 90:1, 7, 9 (1936) Ds DP Prinsloo (Outjo, Otjiwarongo, Biermanskool)